



Geskiedenis van Middelburg Hospitaal

Aanloop en vestiging van Middelburg en Distrik Hospitaal en bou van 'n doel-ontwerpte hospitaal

Theo Lighthelm

2020

[Course title]

MIDDELBURG HOSPITAAL

THEO LIGTHELM 2020

INHOUD

1	Inleiding	1
2	Tydelike en Oorlogshospitale in Middelburg	2
2.1	Hospitaal tydens die Sekhukkune Oorlog	3
2.2	Rooi Kruis Fasiliteit Middelburg.....	4
2.3	Bierhal (Biersaal) Hospitaal.....	4
2.4	No 17 Stationary Hospital	5
2.5	Middelburg Cottage Hospital.....	5
2.6	Militêre Hospitaal Middelburg.....	6
3	Middelburg en Distrik Hospitaal (Sink Hospitaal)	7
4	Moerdyk Hospitaal	9
5	Verdere Uitbreiding	14
6	Bibliography.....	15

INLEIDING

In die laat negentiende eeu begin die eerste hospitale in die Zuid-Afrikaanse Republiek verskyn. Dit was 'n vreemde konsep vir die landelike bevolking, wat gewoond was om hul siekes huis te versorg deur lede van die familie of bure.

Daar was staatsgesubsidenteerde hospitale in Pretoria, Johannesburg, Baberton, Klerksdorp, Haenertsburg en Potchefstroom (De Villiers, 2008) p341. In 1899 is hospitale ook gebou in Lydenburg, Krugersdorp, Houtbosberg, Klein Letaba en Leydsdorp (De Villiers, 2008) p 342.

In 1890 lê President Kruger die hoeksteen van die nuwe Volkshospitaal in Pretoria (SAHO, n.d.) wat oor 70 beddens beskik het (De Villiers, 2008) p342. Behalwe vir die hospitale in Johannesburg en Pretoria was die ander hospitale klein en baie swak toegerus (De Villiers, 2008) p 342.

As deel van die Oosterspoor is 'n hospitaal ook in Waterval-Onder gebou, wat in 1895 geopen is (De Jong, et al., 1988).

Verskeie pogings is oor die jare aangewend om 'n hospitaal in Middelburg op te rig. In 1890 word 'n plan vir 'n twee-vertrek hospitaal, ontwerp deur dr H. Niemeyer, die Distriks Geneesheer aan die Uitvoerende Raad voorgelê (Landdrost Middelburg, 1890). Alhoewel die Staatssekretaris Dr Leyds die voorstel steun, word dit later afgeweë weens 'n gebrek aan fondse.




Figure 1: Plan vir voorgestelde Middelburg Hospitaal 1890 Dr H Niemeyer

In 1895 word daar weer 'n poging aangewend om geldelike steun van die regering te bekom vir die bou van 'n hospitaal. 'n Memorie (Petisie) geteken deur 63 van die inwoners¹ word deur die Landdrost na die Regering deurgestuur. Ingesluit is 'n verslag deur Dr P.A.H. Lillpopp², die distriksgeneesheer wat die situasie verduidelik dat al plek waar hy siekes, wat sonder heenkome is, kan versorg is in 'n klein kamertjie in die tronk (een van die lee selle) (Landdrost Middelburg, 1895). Die Staatssekretaris is van oordeel dat inwoners tot die koste moet bydra, waarop die Landdrost antwoord dat die dorp se klein inwonertal reeds herhaalde male gevra is vir geldelike bydraes vir ander projekte. Van die saak kom ongelukkig ook niks.

¹ Die Memorie bevat die handtekeninge van vele van die bekende ou inwoners van die dorp.

² Dr Peter Anton Heinrich Lillpopp is in 1865 in Berlyn gebore. Hy voltooi sy mediese opleiding aan die Universiteit van Leipzig. Hy kom in 1892 na Suid Afrika en praktiseer in Middelburg tot 1896. Hy lewer diens in Ladysmith tydens die oorlog. In 1904 doen hy 'n ernstige hoofbesering op in 'n motor voertuig ongeluk – waarskynlik die eerste motor voertuig hoofbesering in Suid Afrika, waarvan hy in 1905 sterf.




Figure 2: Petisie vir oprig van 'n hospitaal met 63 handtekeninge 1895

TYDELIKE EN OORLOGSHOSPITALE IN MIDDELBURG

HOSPITAAL TYDENS DIE SEKHUKKUNE OORLOG

Die eerste verwysing na 'n hospitaal in Middelburg is in 1878 tydens die Tweede Oorlog teen die Pedi, gedurende die Britse besetting. 'n Huis op erf 73 in Lang[e] straat word deur die Landdros John Scoble van Samuel Veits Oertel³ gehuur vir £ 8 per maand vanaf 13 Mei 1878 (Landdrost Middelburg, 1878) (Landdrost Middelburg, 1878). Die hospitaal het definitief tydens die oorlog gefunksioneer, tot Private Loriner, 'n koloniale vrywilliger, met 'n fraktuur knieskyf die laaste pasient was. Die hospitaal is na die afloop van die oorlog gesluit (Dr Lyle, 1878).

(Erf 73 is aan die suidekant van Langstraat net wes van Kerkstraat geleë.)

³ S.V. Oertel het in 1875 aansoek gedoen vir pos as balju, waterfiskaal, bode, hoofkonstabel en sipier van Middelburg.



Figure 3: Middelburg se eerste Hospitaal - Geopen vir Sekhukkune Oorlog in huis gehuur van SV Oertel (Foto: Kobus Terblanche)

ROOI KRUIS FASILITEIT MIDDELBURG

Die eerste seksie van die Transvaalse Roode Kruis in die Zuid-Afrikaanse Republiek is op 2 Oktober 1896 in Middelburg gestig., met Mr G.J.W du Toit, die landdros, as voorsitter en J Pullevitz as sekretaris. Die seksie het skynbaar nie Dr Moorhead, die distrik geneesheer of die NZASM geneesheer betrek nie, en die seksie funksioneer sonder mediese bystand (De Villiers, 2008) p 71.

'n Ses-kamer huis in die middel van die dorp is aan hulle toegeken en die Villiers noem dat die seksie funksioneer as 'n hospitaal-seksie (De Villiers, 2008) p 71. Daar is geen verdere inligting bekend of die huis as 'n hospitaal ingerig is of bloot as werkplek gebruik is nie.

BIERHAL (BIERSAAL) HOSPITAAL


In die aanloop tot die oorlog word tydelike hospitale in verskeie sentra geopen.

Die inwoners van Middelburg besef die behoefte aan 'n hospitaal vir gewondes en Mev Nellie Maree, eggenote van die sendeling Eerw Maree, rig op 8 September 1899 'n brief aan die Staatssekretaris waarin behoefte gestel word en 'n bedrag van £500 gevra vir die inrig van die hospitaal. F.W. Reitz, die Staatssekretaris, verwys die versoek na die Kommandant Generaal, wat dit deurstuur na Dr J.B. Knobel⁴, die Voorsitter van die "Hoofdbestuur" van "de Roode Kruis". Dr Knobel steun die versoek (Maree, 1899). Of die geld ontvang is, is onbekend.

In Middelburg is die hospitaal in die Biersaal ingeruim. Die hospitaal was ingeruim deur Dr van Gorkum, die NZASM dokter in Middelburg, met hulp van Verpl Jeanette Petronella van't Staaf en daarna oorgeneem deur Dr Wilhelm Boeck Bidenkap⁵.

⁴ Dr Johan Belthazar Knobel (1853-1931) van lid was die Genneskundihe Kommissie van die ZAR en voorsitter van die Hoofdbestuur van die Rood Kruis. As Burgermeester van pretoria oorhandig hy die stad aan Lord Roberts en word daarvan beskuldig dat hy Pro-Brits is. Na die oorlog het hy in Middelburg gepraktiseer tot hy in 1914 op die personeel van die Militere Hospitaal in Keetmanshoop aangestel is.

⁵ Dr Bidenkap het in Noorwee gekwalifiseer en imigreer in 1894 na die ZAR. Hy keer in 1896 terug na Noorwee om sy chirurgie opleiding te voltooi. Hy is in 1911 in Hartbeesfontein oorlede (De Villiers, 2008) Vol2p220.



Figuur 4: Middelburg Biersaal (Foto: O.H. Frewin)

Die hospitaal het oor 30 beddens beskik en die kroegtoonbank is as teatertafel voorberei. Drank rakke was gebruik vir medikasie (De Villiers, 2008) p 670.

Geen inligting is bekend oor die hospitaal se funksionering nie, maar daar kan aangeneem word dat, na die val van Pretoria en die aanvang van die Britse aanmars langs die oosterspoor, gewondes na Middelburg afgevoer sou word, deurdat dit die eerste groot sentrum vanaf Pretoria was. Daar sou waarskynlik ook siek boere in die hospitaal opgeneem gewees het.

Wat wel bekend is, is dat daar wel pasiente in die hospitaal was toe die Britse aanmars nader gekom het en die is op 25 Julie 1900 per ambulans-trein na Waterval-Onder verskuif, waarskynlik na die NZASM hospitaal aldaar (De Villiers, 2008) p 670.

NO 17 STATIONARY HOSPITAL

Met die inname van Middelburg op 27 Julie 1900 deur die Britte onder leiding van Maj Genl J.D.P. French's Cavalry Division en Maj Gen E.T.H. Hutton 1st Mounted Infantry Division, kom verskeie Britse veldambulanse saam met die regemente in die dorp aan. Die Divisie sou ook oor een of meer veldhospitale en Bearer Companies beskik het, wat in die dorp sou ontplooи het. Hierdie veldhospitale sou vorentoe beweeg het toe die mag na vore ontplooи het.

No 17 Stationary Hospital, een van die groot Britse hospitale met 400 beddens word nou vorentoe geskuif en in Middelburg ontplooи (Colonial Secretary, 1902). Volgens die korrespondensie is die hospitaal in die middel van die dorp ontplooи tot onsteltenis van die inwoners. Die hospitaal was in tente ontplooи en korrespondensie meld dat van die skool geboue beskikbaar gestel is (Colonial Secretary, 1902). Verskeie verwysing word dikwels gemaak dat van die kerke, veral die Gereformeerde Kerk, deur die hospitaal gebruik is, maar geen bewys kon vir die stellings gevind word nie.

Die hospitaal funksioneer vanaf 17 Augustus 1900 en bly in Middelburg ontplooи tot 31 Mei 1902 (AngloBoerWar.com, n.d.).

MIDDELBURG COTTAGE HOSPITAL

Omrede Middelburg nie oor 'n siviele hospitaal beskik het nie, word 'n behoefte vir 'n hospitaal deur die Britse owerhede geïdentifiseer (Spencer, 1901). Vanaf 28 April 1901 funksioneer die hospitaal in 'n huis

van MnR W. van Waal op Erf 543⁶ (Weeberstraat 12). Die hospitaal beskik oor 9 beddens in twee vertrekke (5 vir vroue en 4 vir mans) en 'n personeel van 'n matrone (Sr Maclay uit Australie) en twee probationers (Nurses Florence en Bimms) uit die Refugee Camp (Konsentrasiekamp). In die agt maande na opening hanteer die hospitaal 42 pasiente en 3 pasiente sterf. Die geneeshere van die dorp Drs Spencer, Pittet. Van Gorkum⁷, Moorhead⁸ en MacKenzie laat hul siviele pasiënte in die hospitaal opneem (Spencer, 1901). 'n Tweede huis langsaan is bygehuur vir swart pasiënte (Spencer, 1901).

Die statistieke van die Cottage Hospitaal gee 'n goeie aanduiding van die siekte-profiel onder die siviele inwoners van Middelburg tydnes die oorlog. 21 gevalle van Tifoied (Enteric Fever) is opgeneem, 5 van Kroep (Crup) (dit is waarskynlik Difterie aangesien trageostomies gedoen is en een oorlede is na membraam vorming), 4 gevallen van Malaria, 3 gevallen van Pneumonia. Ander gevallen sluit in Kinkhoes, Laryngitis, Phthisis, Nierstene, Lintwurm. Chirurnie sluit in mangel verwijdering en trageostomie (Spencer, 1901).

Die tydstip van waar die hospitaal ophou gefunksioneer het, is onbekend, maar dit is waarskynlik gesluit toe die Militere Hospitaal geopen het.

Korrespondensie van die Stadsraad gedateer 24 Maart 1904 dui aan dat 'n terrein goedgekeur is vir die bou van 'n permanente Militere Hospitaal en versoek dat 'n aantal beddens vir 1e en 2e klas burgers en armlastiges gereserveer moet word (De Villiers, 1904). Dis is dus moontlik dat toe die Militere Hospitaal gebou is, 'n aantal beddens vir siviele pasiente voorsien is en die Cottage Hospitaal toe gesluit is. Argief korrespondensie oor die Cottage Hospitaal eindig in 1904.

MILITÈRE HOSPITAAL MIDDELBURG

Na die inname van Middelburg in 1900 word meer semi-permanente strukture geleidelik opgerig vir die Garnisoen, wat na die vredessluiting in 1902 in Middelburg gevestig word. Die basis vir die Garnisoen word as 'n konnement opgerig op die terrein waar die Provinciale Hospitaal en Clubview huidig is. Die konnement gebou was hoofsaaklik sink geboue wat uit Indië na Suid-Afrika gebring is. Een van die geboue was 'n ruim militêre hospitaal wat ook van sink en hout gebou was. Dit wil voorkom of die hospitaal vanaf ongeveer 1904 tot 1906 in Middelburg gefunksioneer het. Die 3rd Battalion, Manchester Regiment, wat as die Garnisoen in Middelburg gestasioneer van 9 Jan 1903 tot 22 Oktober 1906 (Museum of the Manchester Regiment, n.d.) waarna die geboue opgeveil is. Wanneer die hospitaal gesluit is, is onbekend maar tydens die Groot Griep van 1918 word geen melding meer gemaak van die hospitaal nie, en word die behoefte aan 'n hospitaal genoem (Grundlingh, 1952) p 36. Wat van die Militere Hospitaal geword het is onbekend, alhoewel ongesubstansieerde inligting ontvang is dat dit na Witbank verskuif is. Wat wel bekend is, is dat genl Smuts die Offisiersmenasie van die konnement vir £300 gekoop het en by Doornkloof by Irene laat her-oprig. Dit is tans as Smutshuis (The Big House) bekend (Grimbeek, 2010).

⁶ Die terrein van die hospitaal is in Weeberstraat reg teenoor die graansilos onderdie oorbrug geleë.

⁷ Dr Van Gorkum was die NZASM Geneesheer in Middelburg.

⁸ Dr George Oliver Moorhead was die Distrik Geneesheer en het saam met Middelburg Kommando ontplooi na Natal. As Britse burger met sterk Pro-Britse sentemente verlaat hy die Kommando in Januarie 1900 en keer via Lourenzo Marques (De Villiers, 2008) Vol2 p 254.



Figuur 5: Middelburg Garnisoen Hospitaal (Foto: Wilma Bezuidenhout)

Die Bevelvoerderswoning van die Garnisoen Bevelvoerder en omliggende grond is deur Mr Wirth gekoop of in huurpag geneem. Hierdie huis (en nie die Militêre Hospitaal nie) is in 1921 vir £ 6000 deur die Hospitaal Komitee van Middelburg as eerste hospitaal aangekoop (Grundlingh, 1952) p 35.

MIDDELBURG EN DISTRIK HOSPITAAL (SINK HOSPITAAL)

Tydens die griep epidemie van 1918 en daarna is die behoefte vir 'n hospitaal op Middelburg dringend gevind (Grundlingh, 1952) p35. 'n Komitee onder voorsitterskap van Mr D.L. Kroch, die ondermagistraat, koop in 1921 die ou Garnisoen Bevelvoerdershuis en terrein aan vir £6000. Mr Wirth skenk egter £ 1000 terug vir die inrigting.

Detail verslae beklemtoon die geskiktheid van die Bevelvoerdershuis as hospitaal (MacKenzie, 1920), en noem glad nie die Militêre Hospitaal gebou nie, so dit wil voorkom of die gebou nie meer op die terrein was nie.

Die gebou was U-vormig om 'n binnehof met 'n verbindingsgang rondom die binnehof. Aangrensend was 'n buitegebou wat die kombuis gehuisves het en werkerskwartiere wat later in 'n isolasie fasiliteit omskep is.



Figuur 6: Middelburg en Distrik Hospitaal (Sink Hospitaal) (Foto: Kobus Treblanche)




Figure 7: Plan van Sink Hospitaal circa 1921 (Plan TAB)

Die huis is omgebou tot 'n hospitaal met ses beddens en twee verpleegsters het daar diens gedoen. Mej H.H. Tracey was die matrone. Die Middelburg en distrikhospitaal is op 10 Maart 1921 amptelik

geopen deur die Administrateur, MnR A.G. Robertson (Grundlingh, 1952) p35 (Middelburg Hospital Board, n.d.).



Figure 8: Middelburg en Distrik Hospitaal circa 1921 (Bron Onbekend)

In 1930 word die hospitaal uitgebrei ten tyde die Munisipaliteit nog vier beddens vir aansteeklike siektes ekstra bou teen £ 810⁹. Die Hospitaalraad bou ook in 1930, met subsidie van die Proviniale Administrasie, 'n aparte gebou met agt beddens by vir swart pasiente teen £ 900 (Grundlingh, 1952) (Proviniale Administrasie, 1909 - 1934).

In 1937 begin verpleegsters opleiding by die hospitaal.

Daar moes nog uitbreiding plaasgevind het, want alhoewel die hospitaal net 28 beddens beskikbaar gehad het, was die gemiddelde bedbesetting in 1937 34/dag! (Grundlingh, 1952) p36.

Die hospitaal was deurentyd 'n privaat hospitaal met staatsubsidie wat bestuur is deur 'n Hospitaalraad.

Na die oprigting van die Moerdyk hospitaal, word die Sink Hospitaal vanaf 1940 deur die Weermag gehuur as hospitaal tydens die Tweede Wêreld Oorlog. Verskeie geboue word deur die Weermag bygebou (Proviniale Administrasie, 1909 - 1934).

Die Sink Hospitaal is ongeveer in 1970 afgebreek en die terrein her-uitgelê.

MOERDYK HOSPITAAL

Teen 1937 bestaan die behoefte vir 'n veel groter hospitaal met beter fasiliteite. Die argitek Gerhard Moerdyk, (argitek van die Voortrekker Monument) ontwerp die nuwe hospitaal-kompleks vir die Hospitaalraad (Proviniale Administrasie, 1909 - 1934).

Die ontwerp van die hospitaal is tipies Moerdyk se inheemse benadering, om 'n unieke argitektuur vir Suid-Afrika te skep. Hy gebruik in die geval bakstene gebak van inheemse kleur klei, met 'n moderne

⁹ Dit wil voorkom of hierdie beddens nie bygebou is nie, maar die werkerskwartiere aangepas is as twee kamers en 'n verpleegsterskamer vir die doel.

aanslag vir sy tyd. Tog is daar tipiese elemente van Art Deco met die silindriese pilare langs die hoofingang. Die gebou bevat unieke argitektoniese ontwerp wat voortgevloeи het uit die "Transvaal Groep" argitekte se Modernistiese Internasionale styl geboue (Malan, 2019). Die Proviniale Hospitaal Adviesraad was egter nie tevrede met Moerdyk se ontwerp nie en gee verskeie opdragte om die ontwerp aan te pas, ten einde koste te bespaar. Die sale moes smaller wees, wasbakke in privaat kamers was onnodig en die venster ontwerp bo die ingang te oorweldigend! Die traliewerk van oorspronklike ontwerp moes ook afgeskaal word (Proviniale Administrasie, 1909 - 1934).




Figure 9: Moerdyk Hospitaal circa 1952 (Foto: Grundlingh F.A.) (Let op die oop stoepe)




Figure 10: Moerdyk Hospitaal circa 1964 (Foto: Eeufees publikasie)

Die hoekstene vir die nuwe hospitaal is op 19 Maart 1938 gelê deur Mnr S.P. Bekker, die Administrateur van Transvaal en Mnr F.A. Grundlingh, die Voorsitter van die Hospitaalraad.



Figuur 11: Hoekstene: Moerdyk Hospitaal

Die koste was:

- Hoofgebou £26 300
- Verpleegsterswoning £4 500
- Swart Afdeling £6 500
- Wassery £1 000



Figuur 12: Moerdyk Hospitaal (Let op stoepe wat intussen toegebou is).

Die Municipaliteit bou ook 'n Afsonderingsaal by vir £2 700.

Die hospitaal-kompleks beskik nou oor 72-beddens met Sr E. Jeppe as Matrone.

Die hospitaal het bestaan uit:

- 'n Vrouesaal – bo-reg

- 'n Manssaal – bo-links
- Kraamafdeling – onder reg
- Twee teaters
- Isolasie afdeling, links onder met oop stoep
- X-Straal afdeling onder in die kelder

Die hospitaal is op Woensdag 25 Januarie 1939 geopen.




Figure 13: Program Opening Hospitaal

In 1938 word die nuwe Swart Hospitaal gebou en die word op Sondag 9 Oktober 1938 geopen.




Figure 14: Program Opening Swart Hospitaal

Gedurende die Tweede Wêreld Oorlog word die ou sink hospitaal deur die Weermag oorgeneem en as 'n Militêre Hospitaal bedryf. Verskeie geboue word deur die Weermag by gebou.



Figure 15: Moerdyk Hospitaal uit weste en sink hospitaal met addisionele geboue vir Tweede Wereld Oorlog sigbaar links bo (Foto: Kobus Terblanche)

Na die oorlog is al die geboue ingeruum as Verpleegsters akkommodasie.

Op 6 Januarie 1943 word die hoeksteen gelê vir 'n aparte afdeling vir Indiërs – die MH Joosub afdeling deur Sir Shafa'at Ahmed Khan, die Hoëkommisaries van Indië. Die Indiese gemeenskap dra die helfte van die koste by.

In 1952 was Dr H.O. Eksteen die Mediese Superintendent met drs Pierre Joubert, Joachim Prinsloo en Rudolph as deeltydse geneeshere. Suster Viljoen is die Matrone (Grundlingh, 1952).

VERDERE UITBREIDING

Die hospitaal word daarna uitgebrei met 'n nuwe afdeling vir swart mense, kombuis, x-strale, fisioterapie afdeling en apteek. 'n Nuwe Kraaminrigting vir blankes word ook gebou.



Figure 16: Swart Afdeling circa 1964 (Foto: eeufees publikasie)

'n Nuwe Verpleegsterstehuis is bygevoeg toe die sink geboue afgebreek is.

Teen 1967 word twee nuwe sale vir blankes gebou en 'n nuwe teaterkompleks.

BIBLIOGRAPHY

AngloBoerWar.com, n.d. *AngloBoerWar.com*. [Online]

Available at: <https://www.angloboerwar.com/>

[Accessed 28 Nov 2019].

Colonial Secretary, 1902. *Removal Military Hospital NASA CS Vol 127 9772/02*. s.l.:s.n.

De Jong, R. C., van der Waal, G. M. & Heydenrych, D. H., 1988. *The buildings steam engines and structures of the Netherlands South African Railway Company*. Pretoria: Chris van Rensburg Publications.

De Villiers, J. C., 2008. *Healers, Helpers and Hospitals: A History of Military Medicine in the Anglo-Boer War*. Pretoria: Protea Book House.

De Villiers, P. W., 1904. *Site of new hospital NASA Cs Vol 127 9772/02*. s.l.:s.n.

Dr Lyle, 1878. *Report Private Loriner NASA SS Vol 301 R8385/78*. s.l.:s.n.

Grimbeek, P., 2010. *History of the Big House, Doornkloof*. 2nd ed. Pretoria: Friends of the General Smuts Foundation.

Grundlingh, F. A., 1952. *Geskiedenis van Middelburg*. s.l.:s.n.

Landdrost Middelburg, 1878. *Conveyance of Hospital NASA SS Vol 288 R 2151/78*. s.l.:s.n.

- Landdrost Middelburg, 1878. *Hospital Arrangements NASA SS Vol 283 R1817/78*. s.l.:s.n.
- Landdrost Middelburg, 1890. *Hospitaal vir Middelburg*, s.l.: TAB SS Vol 2467 R 10835/90.
- Landdrost Middelburg, 1895. *Hospitaal vir Middelburg*, s.l.: TAB SS Vol 4734 R 2713/95.
- MacKenzie, R. P., 1920. *Middelburg Hospital*. s.l.:s.n.
- Malan, P., 2019. *Moerdyk hospitaal ontwerp* [Interview] (1125 2019).
- Maree, N., 1899. *Hospitaal in Middelburg*, s.l.: TAB SS Vol 8036 R12787/99.
- Middelburg Hospital Board, n.d. *Middelburg Hospital Board Buildings TPS Vol 62 TA9/14308*. s.l.:s.n.
- Middelburg, L., 1890. s.l.: TAB SS Vol 2467 R 10835/90.
- Museum of the Manchester Regiment, n.d. *History of the 3rd Battalion*, Manchester: s.n.
- Provinsiale Administrasie, 1909 - 1934. *Middelburg Hospital Buildings TPS Vol 27 TA3813 & TPS Vol 27 TA9/14308*. s.l.:s.n.
- SAHO, n.d. *SA History Online*. [Online]
Available at: <https://www.sahistory.org.za/article/pretoria-timeline-1800-2009>
[Accessed 25 November 2019].
- Spencer, H., 1901. *Cottage Hospital Middelburg Report NASA CS Vol 55 7305/01*. s.l.:s.n.